

AKTUELE NUUS

Eerste Internet-gids vir genealoë in Afrikaans en Engels

Die eerste Internet-gids om dit vir genealoë makliker te maak om hul weg na tersaaklike inligting op die wêreldwye web te vind, het pas as 'n tweetalige publikasie - Afrikaans en Engels - uit die pen van dr. Marthinus Jordaan, 'n Vrystater en een van die land se voorste genealoë, verskyn. Die titel van die sagtebandboek van 223 bladsye is 'n *www Genealogiese katalogus 2009-2017/ A www Catalogue For The Genealogist 2009-2017*.

Volgens die geskiedkundige Marthinus van Bart van Kaapstad sluit die baanbrekerswerk ook 'n CD-rom in wat die hele boek bevat en dus in 'n rekenaar gebruik kan word. Die CD het ook 'n soekfunksie, wat die naspeur van inligting in die katalogus sowel as op die hele Internet fasiliteer, met elektroniese skakels na 2 882 kernwebwerwe, wat op hul beurt weer heenwys na gemiddeld 15 skakels per webwerf, d.w.s. sowat 43 230 tersaaklike webwerwe. Die benutting van al die skakels help genealogiese navorsers om uit minstens 386 509 toepaslike webwerwe te kan kies.

Die katalogus bied gevolglik 'n veel wyer navorsingsveld as wat die gemiddelde genealoog vir eie doeleindes benodig en dui as sodanig op die waarde daarvan om die genealogie as wetenskap te help orden en te globaliseer. Dit is interessant dat Jordaan in die Suid-Afrikaanse konteks die volgende onderwerpe betrek: Hugenote, Voortrekkers, Dorslandtrekkers, slawe, Setlaars, Koina, Waldensers en Jode.

Die monumentale gids, wat deur Jordaan self uitgegee word, kan regstreeks van hom bestel word by navorsing@mjsjordan.co.za of faks 086 249 6507.

